# Hoërskool Jim Fouché

VOLUME 17 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 26 JUNIE 2026



JULIE 25
INTER: VOORTREKKER

JFFJ - BALKIE-AAND
29

AUG 4
TIENERTONEEL KONSERT

Volg JF SOSIALE MEDIA

- op Facebook @JFAmptelik
- op TikTok @jfamptelik
- op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

# 2026 Julie



| MON | TUE | WED | THU | FRI | SAT | SUN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 29<br>Netbal: All ages | 30<br>VS-rugby:Grant Khomo (Durban)<br>Netbal: All ages | 1<br>Tienertoneel: Reza de Wet | 2<br>VS-rugby:Grant Khomo (Durban) | 3<br>Tienertoneel: Reza de Wet | 4<br>Trompoppies:"Nationals" | 5 |
| 6<br>Netbal:Telkom kampioenskappe<br>VS-rugby: Cravenweek | 7 | 8<br>Netbal:Telkom kampioenskappe<br>VS-rugby: Cravenweek | 9<br>Landsdiens: Provinsiale kamp | 10<br>VS-rugby: Cravenweek | 11  | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16<br>Bellissima: Verpligte oefenkamp | 17 | 18 | 19 |
| 20<br>Voortrekkers: PV-kamp | 21<br>SKOOL BEGIN | 22<br>Voortrekkers: PV-kamp | 23 | 24<br>Potspel: Rondte 8<br>Landloop: Liga 6 | 25<br>Wesgrowliga: vs Voortrekker (weg)<br>Netbal: DSTV o/19 | 26  |
| 27 <br>Fotodag 1<br>FWet: Olimpiade | 28 | 29<br>JFFJ-aand: Balkieseremonie | 30<br>Wiskunde: Olimpiade | 31 | | |

**Belangrike datums**

31 Julie – 1 Augustus
Netbal: SASN
Wesgrowliga: vs Trio (tuis)
Landloop: Liga 7
Potspel: Rondte 9
Trompoppies: Kompetisie 7

4 Aug
Tienertoneel:Konsert
OUERAAND




JF- GHOLFDAG 2026
Dagboek die datum:
22 SEPT'26
Merice - 082 908 9061 * bemarking@jf.co.za

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die einde van die tweede kwartaal 2026 het aangebreek en ek glo elkeen slaak 'n sug van verligting. Wat 'n aksiebelaaide kwartaal was dit nie… Die leerders verdien hierdie wintervakansie terdeë en ek glo u gaan ook kans kry om net weer bietjie asem te skep.

Baie dankie vir u lojale ondersteuning op soveel terreine, dankie vir die passie waarmee u dit doen! Die Junie-eksamen gaan ons ook 'n idee gee waar die leerders staan met betrekking tot hul akademie. Ek wil vertrou dat hul die middernagolie gebrand het en alles ingesit het om van hierdie afgelope eksamen 'n sukses te maak. Dit bly 'n belangrike maatstaf vir die einde van die jaar, asook jaarpunte wat 'n rol gaan speel in die suksesvolle aflegging van die huidige akademiese jaar.

Baie geluk aan elke leerder wat opgeneem is in provinsiale spanne. Gaan verteenwoordig ons provinsie en boweal JF met trots, maar die belangrikste van alles… gee net jul beste, speel jul harte uit en gaan maak herinneringe! Ons is regtig baie trots op elkeen van julle.

Ek het egter ook 'n groot behoefte om elke personeellid, of dit nou 'n onderwyser, administratiewe beampte, terreinwerker of koshuiswerker is, te bedank vir jul onbaatsugtige diens. Jul harde werk en ekstra myle wat geloop word, word nie as vanselfsprekend aanvaar nie! Geniet die welverdiende ruskuns van die wintervakansie.

Vergun my 'n laaste gedagte, gerig op die vaders van ons JF-gemeenskap, voordat ons die gordyn laat sak op hierdie tweede kwartaal:

## *Vir die mans op Vadersdag*

***Vandag staan ons 'n oomblik stil om dankie te sê aan die mans wat elke dag met liefde, toewyding en opoffering hul gesinne en geliefdes ondersteun.***

***Dankie vir die manier waarop julle beskerm, voorsien, aanmoedig en lei. Dankie vir die voorbeeld wat julle stel, die wysheid wat julle deel en die krag waarmee julle deur moeilike tye volhard. Dikwels is dit die klein, alledaagse dinge wat die grootste verskil maak – 'n woord van bemoediging, 'n helpende hand of net die wete dat daar altyd op julle staatgemaak kan word.***

***Mag julle weet dat julle gesien en waardeer word. Die liefde, tyd en sorg wat julle in ander se lewens belê, laat 'n blywende indruk en maak 'n verskil wat verder strek as wat julle dalk besef.***

***Aan elke pa, stiefpa, oupa en mentor – dankie vir die rol wat julle speel en die invloed wat julle het.***

## *Gelukkige Vadersdag aan al die besondere mans. Julle word opreg waardeer.*

**Vriendelike JF-groete**
**Henri Wilken**

# Die Kiepersol

**"Hier het ons almal pouse geëet, gelag en saam herinneringe gemaak... nou bou ons weer daardie herinneringe vir die volgende geslag."**

Ons nooi graag oud-leerders, ouers en vriende van die skool uit om deel te word van hierdie spesiale projek wat ons tydens die Junie-vakansie loods. Ons nooi u om saam met ons aan die toekoms van Die Kiepersol te bou.

Die Kiepersol is meer as net 'n snoepie — dit is deel van Jim Fouché se geskiedenis, tradisie en nostalgie wat oor jare heen in die harte van oud- en huidige leerders voortleef. Ons droom is om daardie besondere gevoel te behou, terwyl ons 'n moderne en warm ruimte skep waar nuwe herinneringe gevorm kan word.

Om hierdie ruimte nog meer spesiaal te maak, wil ons graag 'n fondsinsameling onder ons oud-leerders, ouers en vriende -selfs besighede- vir die borg van piekniekbankies loods. Ons benodig 10 piekniekbankies teen 'n koste van R 5000.00 elk.

Besighede wat 'n piekniekbankie borg, sal ook die geleentheid vir advertering op die bankie as deel van hul borgskap kry . Dit bied uitstekende blootstelling binne ons skoolgemeenskap en ondersteun terselfdertyd die opgradering van ons fasiliteite.



Dra by tot 'n bankie!
Donasies op karri

karri

**Indien u graag deel wil wees van hierdie projek, kontak gerus vir Merice Erasmus vir meer inligting by bemarking@jf.co.za**

# Finansies:

## Skoolfonds 2026:

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning en samewerking om die beste moontlike opvoeding vir u kinders te verseker. Ons vra dat skoolfondsbetalings asseblief op datum gehou word, aangesien dit ons help om die gehalte van onderrig, aktiwiteite en hulpbronne by die skool te handhaaf.

**Graad 8 – 11:**
R27 720
R2 520 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Graad 12:**
R28 270
R2 570 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Skool se bankbesonderhede:**
NEDBANK
Tjekrekening
Takkode: 198 765
Rekeningnommer:115 333 6758
Verwysing: Gesinsnommer

Dit is baie belangrik dat u die regte verwysing gebruik ten einde die finansieskantoor in staat te stel om u betaling na u rekening te allokeer. Rekeninge word maandeliks per e-pos gestuur.

Kontroleer asseblief gereeld u staat en bring enige probleme so spoedig moontlik onder ons aandag.

Kontak Christelle Swanepoel vir enige navrae of indien u nie u rekening ontvang nie, by finans@jf.co.za

Kontak Hannelie Maritz rakende agterstallige skoolfonds by skoolfonds@jf.co.za

## Kwytskeldings 2026:

Die uitslag van volledig voltooide aansoeke is reeds aangetoon op u staat vanaf 30 April 2026.

Kontak Hannelie Maritz by skoolfonds@jf.co.za indien u wel 'n aansoek terug besorg het en kwytskelding nie op u staat getoon word nie. Let asseblief daarop dat aansoeke om kwytskelding nie hanteer gaan word waar dokumente en inligting uitstaande is nie.

## Agterstallige skoolfonds:

Ons herinner u graag aan die volgende:

- Skoolfonds is 'n statutêre verpligting wat nagekom moet word tensy u as ouer gedeeltelik of ten volle van die betaling van skoolfonds vrygestel (kwytgeskeld) is.
- Beide ouers (getroud, ongetroud of geskei) is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir skoolfonds. Beide partye is dus aanspreeklik ongeag enige ooreenkoms aangegaan tussen u as ouers.
- Let asseblief daarop dat indien skoolfonds agterstallig raak, word die volle jaar se skoolfonds onmiddelik opeisbaar en betaalbaar.

Ons doen 'n dringende beroep op u as ouer om asseblief u skoolfonds op datum te hou. Dankie aan elke ouer wat 'n reëlings kom tref het t.o.v. agterstallige skoolfonds en sodanige ondernemings getrou nakom.

Kontak Hannelie Maritz vir enige navrae of reëlings in die verband by skoolfonds@jf.co.za.

## KARRI:

Betalings vir verskeie aktiwiteite by die skool word op 'n gereelde basis op die Karri-toep gelaai. Maak asseblief seker dat u die Karri-toep gereeld besoek, en let op kennisgewings in dié verband wat per e-pos gestuur word via die toep.

Ons doen 'n dringende beroep op u om asseblief te let op die sperdatum vir elke Karri-insameling en vra u samewerking om getrou by hierdie datums te hou.

**Kontak Marlene Smith vir enige navrae by finansies@jf.co.za**

DANKBAARHEID

# Waardes

## Dankbaarheids-Donderdag 9

### Dankbaarheid en geluk

Daar is baie mense wat hul hele lewe ondankbaar leef. Hulle kla oor alles. Hierdie manier van dink deurtrek hulle lewe. 'n Mens se brein raak gewoond daaraan om die negatiewe in die lewe raak te sien en later is dit al wat jy kan raaksien.
Dankbaarheid
het die vermoë om hierdie tendens om te draai. Jy kan nie altyd jou omstandighede verander nie, maar jy kan jou denke en hart verander.
Ons kan ons omring met mense wat ons laat lag en kies om die mooi dinge raak te sien. Inspirerende vriende is 'n groot seën. Pasop vir die suurpruime, hulle maak jou gou negatief.
John Maxwell het gevra:
"When was the last time you did something for the first time?"

Daag jouself uit om nuwe avonture, sport of stokperdjies aan te pak. Ervarings laat jou groei en skep positiewe tye om na uit te sien.
Onthou net dat ons moet verantwoording doen vir ons optrede. Dit wat jy doen moet God verheerlik, jou naaste en jouself opbou. Binne hierdie grense kan jy voluit leef.

"Spreuke 15:15:
"Dit gaan altyd sleg met 'n bedrukte mens, die blymoedige mens se hele lewe is 'n fees"

Hemelse Vader, dankie vir hierdie mooi nuwe dag. Dankie Here, vir al die geleenthede wat U oor ons pad stuur. Help ons om dit raak te sien en te gebruik, maar ook om dit te kan geniet tot U eer.
Help ons om die positief in die lewe te sien en om die negatief te aanvaar en daardeur te groei. Help ons om soos Paulus U te kan loof en vertrou in alle omstandighede.
Gee asseblief dat ons dankbare lewens kan lei.

"When was the last time you did something for the first time?"

Dankbaar

UIT DIE KANTOOR VAN DIE LOO

LEERDER
ONDERSTEUNING
ONTWIKKELING

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

# IS JOU EMOSIONELE EMMER VOL?



Stel jou voor jy dra elke dag 'n onsigbare emmer saam. Hierdie emmer hou al jou gevoelens, stres, bekommernisse en emosies. Wanneer goeie dinge gebeur - soos vriendskap, ondersteuning en sukses - word jou emmer gevul met positiewe energie. Maar wanneer jy stres, teleurstelling, konflik of druk ervaar, begin die emmer oorlaai raak met daai energie wat jou laat voel asof jy in die bed wil bly.

Baie tieners leef met 'n emosionele emmer wat reeds propvol is. Skoolwerk, sosiale media, vriende, familieprobleme en die druk om in te pas, kan vinnig ophoop. Hoe weet jy jou emosionele emmer is vol? Jy raak dalk vinnig kwaad, huil makliker as gewoonlik, sukkel om te konsentreer of voel asof jy net wil onttrek van alles en almal.

Die goeie nuus is dat jy jou emmer kan leegmaak voordat dit oorloop. Praat met iemand wat jy vertrou, neem tyd vir rus, bid, oefen, luister na musiek of doen iets wat jou vreugde gee. Selfs klein oomblikke van selfversorging kan 'n groot verskil maak.

Praat met iemand wat jy vertrou, neem tyd vir rus, bid, oefen, luister na musiek of doen iets wat jou vreugde gee.

Onthou:
Om na jou emosionele welstand om te sien, is nie 'n teken van swakheid nie - dit is 'n teken van wysheid.

Kyk vandag na jou emosionele emmer. Is dit vol? En wat kan jy doen om dit weer ligter te maak?


#JFbid
Beste Ouers,
Kom bid saam vir ons kinders en ons skool.
Tyd:
Woensdae
07:30 – 08:00
Plek:
JF-Konferensielokaal
VIR NAVRAE, KONTAK GERUS VIR CHRISNA BY 082 445 3477


MA'S WAT OMGEE
GEE AL JULLE BEKOMMERNISSE AAN GOD OOR, WANT HY GEE VIR JULLE OM.
1 Pet. 5:7

# VERBRUIKERS PRAKTIES

## Ons Kombuis









**Gr 11**


























# KULTUUR

*Interskole redenaars*



Ansje Bekker



Joah de Villiers

Baie geluk aan Joah de Villiers (gr.9) en Ansje Bekker (gr.12) wat deurgedring het na die nasionale finaal in hierdie kompetisie (Voorbereide afdeling).

Dit vind op 19 September by Wits-universiteit plaas.

# KULTUUR Redenaars


**Joah het op 6 Junie aan die Con Spirito Kunsvereniging se Redenaarskompetisie deelgeneem en in die afdeling Afrikaans Eerste Taal Voorbereid uitstekend presteer.**

**Joah (gr.9) dring deur na die Nasionale finaal van Kansvatter Redenaars. Dit vind op 19 September in Gauteng plaas.**




# KULTUUR Dans

**Leané het op 4 Junie 2026 aan die Con Spirito Eisteddfod in Bloemfontein deelgeneem.**



**Leané Adriaanse**
Hip Hop (Groep) - 97%
Open Show Dance (Groep) – 97%

**Twee JF-leerders het op 4 en 5 Junie 2026 aan die Con Spirito Eisteddfod in Bloemfontein deelgeneem en uitstekende prestasies in dans behaal:**



**Carla van Niekerk**
*Funky Fusion Hip Hop Duo – 92%*
*Level Up Hip Hop Group – 93%*
*Freestyle – 93%*



**Melenka Loubser**
*Hip Hop Group – 97%*
*Open Show Dance Group – 97%*
*Hip Hop Funk Solo – 98%*

# KULTUUR

## Interskole redenaars

**Ons is baie trots op JF se redenaars wat in hierdie kompetisie uitstekende uitslae behaal het.**

*Voorbereide afdeling*



A++
Ansje Bekker
92%



A++
Joah de Villiers
91%



A+
Ajay Benson
88%



A+
Marla Kruger
86%



A+
Nomsa Jason
86%

*Onvoorbereide afdeling*



A++
Jacobus Lourens
90%

*Baie geluk!!!*

Op 5 Augustus word die name van die leerders wat na die nasionale finaal deurdring, bekend gemaak.
Ons hou styf duim vas!

# KULTUUR

## Debat


**Twee senior debatspanne het 6 Junie aan die Vrystaat rondte van Con Spirito debat by Grey College deelgeneem.**




Aimeé Delport en Carla Bastone het gelyke punte teen OMS behaal en dring deur na die semi-finaal.




Bongi Mkwane en Nomsa Jason het 'n mooi debat gelewer teen Diamantveld, maar dring nie deur na die semi-finaal nie.




DRAMA

"Blindelings" neem tydens die vakansie deel aan die Reza De Wet Tienertoneelfees.
Die produksie tree op 3 Julie om 10:00 by die Scaena Teater op kampus op.
Kaartjies:
R150 per groep van 4 vertonings.
Kaartjies is beskikbaar by die deure of op Quicket.




SENTRAAL SKOLE SPORTREEKS 2026

# PROGRAM

## 14 MAART
- GV VS JF
- WITT VS SENT
- TRIO VS DHS
- BVHS VS FHP

## 20 MAART
- SENT VS GV

## 21 MAART
- JF VS WITT
- DHS VS BVHS
- FHP VS TRIO

## 11 APRIL
- FHP VS JF

## 18 APRIL
- FHP VS SENT
- GV VS TRIO

## 25 APRIL
- WITT VS GV

## 1 MEI
- TRIO VS BVHS

## 1 MEI
- SENT VS DHS
- TRIO VS BVHS

## 9 MEI
- SENT VS DHS
- TRIO VS BVHS

## 16 MEI
- DHS VS FHP
- SENT VS JF
- GV VS BVHS
- WITT VS TRIO

## 23 MEI
- JF VS DHS
- BVHS VS WITT

## 25 JULIE
- BVHS VS JF
- DHS VS GV
- TRIO VS SENT
- FHP VS WITT

## 1 AUG
- WITT VS DHS
- GV VS FHP
- JF VS TRIO
- SENT VS BVHS

Sport

# Vrystaat uitspele

# NETBAL

## 2de in die Vrystaat

Baie geluk aan die o. 17A-span wat aan die provinsiale uitspele in Welkom gaan deelneem het.

Hul wen al hul poel wedstryde sowel as die half-eindrondte, maar verloor ongelukkig in die finaal.






Die o. 15A-span het aan die provinsiale uitspele in Kroonstad gaan deelneem.

Hier het hul 2 wedstryde gewen en 2 verloor.

#TrotsJF




VRYSTAAT




**Karmen Strauss**
o. 17-Cheetah



**Cara Hoffman**
o. 16-Cheetah



**Retha Serobanyane**
o.-16 Cheetah



**Rele Serobanyane**
o. 16-Cheetah



**Calista Viljoen**
o. 18-Reserwe

Baie geluk aan die volgende leerders wat ingesluit is in die verskeie Vrystaat-netbalspanne.



**Miné Kriek**
o. 17-Reserwe

#trotsJF

VRYSTAAT

# JF-Trommies

Hoërskool Jim Fouché



## Performance Cheer - 1ste plek, aangewys as Vrystaatkampioene

#trots

Flag Group - 1ste plek
POM Group - 1ste plek
Mace mini - 1ste plek
Flag mini - 2de plek
POM mini - 2de plek

Flag Solo - 1ste plek Nicole van der Merwe
POM solo - 1ste plek Nicole van der Merwe
Mace solo - 1ste plek Monique van der Merwe
Baton solo - 1ste plek Kayleigh Liddle

Mace solo - 2de plek Kayleigh Liddle

Flag solo - 3de plek Andoné Booysen

## FDDCM FS
(Federation of Dance Drill, Cheerleading, Marjorette Sport Free State)


# JF-Trommies

Hoërskool Jim Fouché



Performance Cheer: 1ste plek
Vlag groep - 2de plek

FDDCM FS
(Federation of Dance Drill, Cheerleading, Marjorette Sport Free State)



POM groep - 2de plek
Vlag mini - 2de plek
Mace mini - 1ste plek

Vlag Duo 2de plek -
Marisa Els en Andoné Booysen

Pom Duo- 4de plek
Junita Liebenberg en Nicolene Snyman

Pom Trio -3de plek
Annika Taljaard, Onthatile Schalk en Izelle Visagie

Pom Duo - 1ste plek
Nicole van der Merwe en Helen Petit





FDDCM FS
(Federation of Dance Drill, Cheerleading, Marjorette Sport Free State)

# Landloop











## Liga 4: 29 Mei

Dogters 0/14 - 4km

Caralize Reyneke het 'n 3de plek behaal met 'n tyd van 17,38.
Liané Hugo het 'n 8ste plek behaal.
Minke Smit het 'n 10de plek behaal.

Jong seuns - 2km

Ruan Liebenberg het 'n 6de plek behaal met 'n tyd van 7,32.

Dogters 0/16 - 4km

Rukaiya Sampson het 'n 5de plek behaal

Seuns 0/16 - 6km

Alex du Plessis het 'n 12de plek behaal.

Jong vroue - 2km

Danell Oelofse het 'n 1ste plek behaal met 'n tyd van 9,48.

## Liga 5 se uitslae:

Alex du Plessis het 'n 10de plek behaal in die seuns 0/16 se 6 km.

In die dogters 0/14 se 4 km is die volgende uitslae behaal.
Caralize Reyneke het 'n 1ste plek behaal met 'n tyd van 17.19 minute.
Liané Hugo het 'n 6de plek behaal.
Laura Pittout het 'n 10de plek behaal.
Minke Smit het 'n 11de plek behaal.

Safiya Sampson het 'n 9de plek behaal in die dogters 0/15 se 4 km.

Rukaiya Sampson het 'n 3de plek behaal in die dogters 0/16 se 4 km.

Danell Oelofse het 'n 2de plek behaal in die jongvroue-afdeling waar sy 6 km gehardloop het in 29.17 minute.
Motheo inter provinsiale span:

#trotsJF

# landloop

## Motheo interprovinsiale span












Ons het ook verskeie landloopatlete wat ingesluit is in die Motheo interprovinsiale span.

1. Alex du Plessis is in die seuns 0/16 se 6 km afdeling.

2. Liane Hugo,
Caralize Reyneke,
Minke Smit en
Danisha Swanepoel is in die dogters 0/14 se 4 km afdeling ingesluit.

3. Rukayiya Sampson is in die dogters 0/16 se 4 km span ingesluit.

4. AJ Theron is in die jongmans afdeling ingesluit om die 2 km te hardloop.

5. Danell Oelofse is in die jongvroue afdeling ingesluit om die 2 km te hardloop.

6. Ruan Liebenberg is in die jongseuns-afdeling se 2 km afdeling ingesluit.

7. Hendrik Rautenbach is ingesluit in die seuns 0/14 se 4 km.

#trotsJF

## BUITESPORT STOEI

# *Ruwan van Niekerk & Stiaan le Roux*

Op 30 Mei 2026 het Ruwan en Stiaan aan die *SAWF Greco-Roman Nasionale Kampioenskappe* in die Noord-Gauteng Stoeisaal in Pretoria deelgeneem.



Ruwan het uitstaande presteer deur goud in die o. 15- en . 17-afdelings te verower.

Stiaan behaal 'n goud in die o/15-afdeling en 'n brons in die o. 17-afdeling.

## SKEIDSREGTER-EKSAMEN KRIEKET

# *AD Erasmus*

AD het die Krieket Suid-Afrika Skeidsregter-eksamen afgelê en gekwalifiseer as 'n vlak 2 KSA krieketskeidsregter.



*Baie geluk!!!*

BUITESPORT

# Chevonné Vos





Chevonné het op 7 Junie 2026 aan die *Durban Ironman 70.3* deelgeneem en dit met 'n tyd van 7:35:54 suksesvol voltooi.

*Baie geluk!!!*

# AJ Theron

BUITESPORT

LASER RUN



AJ het op 13 Junie 2026 aan die *Gauteng Laser Run-kampioenskappe* by Laerskool Voorpos in Pretoria deelgeneem.

Hy het uitstekend presteer en 'n 2de plek in die seuns o. 19-afdeling behaal.


Hoërskool
Jim Fouché
Die Piesangskille
19 SEPT '26
VAT VLAM
Volwassenes: R 150
Leerders: R 100
Voorskool: Gratis
Kaartjies beskikbaar op Karri en Quicket
Vir meer inligting: Merice - 063 202 6387 * bemarking@jf.co.za


Om deel te vorm van borgskap of watergatinskrywing volg die QR-kode
Hoërskool
Jim Fouché
GHOLFDAG
Vir inskrywings volg die QR-kode
R 500 per persoon
R2000 per 4-bal span
22 September '26
BLOEMFONTEIN GHOLFKLUB
STONEY'S Wheel & Tyre
AVIS
Merice - 063 202 6387
bemarking@jf.co.za


Hoërskool
Jim Fouché
Die Piesangskille
19 SEPT '26
VAT VLAM
Volwassenes: R 150
Leerders: R 100
Voorskool: Gratis
Kaartjies beskikbaar op Karri en Quicket
Vir meer inligting: Merice - 063 202 6387 * bemarking@jf.co.za


Om deel te vorm van borgskap of watergatinskrywing volg die QR-kode
Hoërskool
Jim Fouché
GHOLFDAG
Vir inskrywings volg die QR-kode
R 500 per persoon
R2000 per 4-bal span

# Netbal VRYSTAAT




https:..www.jfoester.co.za.<<<


BESTEL NOU VIR
DIE SEISOEN
karri
POWERED BY NEDBANK
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
#trotsJF
WWW.JF.CO.ZA

# PRYSLYS



## LANGMOU TOP MET KORT "ZIP"

R580





## WIT KORTMOU KATOENHEMP

R460

## GOLFERS: KORTMOU

R340



## PETTE

R166



## LIP BALM

R30



## VISOR

R166




## BUFF

R80



## STROOIHOED

R110

COMBO R170

## JF Band

R60



## BREËRANDHOED

R230



## JF PIN

R80